# Hoofstuk 5.3

## "DIE BELOOFDE LAND!" - PU VIR CHO, 1951



**"Ek herinner mij nog toe Dr du Toit pas van die Vrije Universiteit van Hol(land) af gekom het en hij ons Konsulent vir Lichtenburg was hoe hij met liefde vir die Vrije Un(iversiteit) van Holland een middag op Lichtenburg daarvan gesels het en toe hij klaar was met 'n sug die wens geslaak het: sal daar ooit van 'n Gereformeerde Universiteit in Suid-Afr(ika) kan gespreek word? Al die ou mense en ons jongens ewe so het ongelowig geswijg ... Die Here sorg altijd vir persone om Sij werk uit te voer en ons moet u beskou as die middel in Gods hand om die saak te verwesenlik."**

**- GA van der Walt, Sannieshof / F Postma 10.5.1950**

**"Dit is makliker om 'n oorwinning te behaal as hom te behou. Die geesdrif wat ons hier en om ons sien, verdwyn na die fees. Die daaglikse lewe trek die aandag af van die beginsels. Daarom mag u inrigting nooit gerus word nie. U kan die wet wen en tog die gees verloor ... Die oomblik van oorwinning is in dié sin die begin van die gevaar."**

**- Dr HF Verwoerd, 17 Maart 1951**

## 5.3.1 Vreugde en dankbaarheid

**Die stryd was verby, die oorwinning behaal!**

**'n Selfstandige universiteit, bevry van die gewetensklousule!**

**Inderdaad, Ferdinand Postma en die syne se aller droom: 'n Vrye Universiteit!**

**Telegramme en briewe van gelukwense begin instroom. Van individue, instansies, gemeentes ...**[1]

Dis 'n "groot stap vooruit" en 'n "oorwinning vir u standpunt", laat weet die Teologiese Skool, terwyl 'n oudstudent van Postma, JC van der Walt, seker namens almal praat: "Ons weet hoe u die land met die hoed in die hand deurreis het om gifte vir die P.U.K. in te samel; geen opoffering was vir u te groot en te swaar nie – ons het u altyd in stilte bewonder, u ywer was vir ons 'n spoorslag ... Ons is veral dankbaar dat ons God dit so beskik het dat u die verwesenliking van die grootse ideaal nog mag aanskou al is dit dan ook in die grysheid." [2]

Vanuit Sannieshof in die verre Wes-Transvaal roep nog 'n van der Walt by Postma die herinneringe op van die vervloë drome saam met boesemvriend en nou hoog gewaardeerde kollega prof JD du Toit (oftewel eers Japie, later Totius) langs die gragte van Amsterdam: "Ek herinner mij nog toe Dr. du Toit pas van die Vrije Universiteit van Holland af gekom het en hij met liefde vir die Vrije Un[iversiteit] van Holland een middag op Lichtenburg daarvan gesels het en toe hij klaar was met 'n sug die wens geslaak het: sal daar ooit van 'n Gereformeerde Universiteit in Suid-Afr[ika] kan gespreek word? Al die ou mense en ons jongens ewe so het ongelowig geswijg … Die Here sorg altijd vir persone om Sij werk uit te voer en ons moet u beskou as die middel in Gods hand om die saak te verwesenlik." GA van der Walt vertel verder dat hy, by die lees van die gunstige verslag van die regeringskommissie enkele jare tevore in *Die Kerkblad*, teruggedink het aan die destydse versugting van Du Toit "en daarin Gods vinger gesien (het) om ons begeerte eens te sien verwesenlik word". [3]

Op 15 Junie laat hoor raadslid ds GHJ Kruger, wat nie die jongste raadsvergadering kon bywoon nie ("Die gees gewillig maar die vlees swak"), van hom: "Ja, hartlik geluk dat die Here U die voorreg geskenk het om U lewensideaal verwesenlik te sien. Moses kon die beloofde land nie betree nie. Paulus moes verneem: My genade is u genoeg! Ek weet dat ander ook veel gedoen het vir die Vrye Universiteit, maar die Here God het U uitverkies om die leiding te neem en die meeste also vir die saak te doen. Dus ons verheug ons met U in die Here vir die groot oorwinning ter ere van sy Naam." [4]

Naas die formele gelukwense aan die bestuursliggame van die PUK, [5] was daar vir prof Postma 'n baie besondere gelukwensing, vanaf die rektor van die Vrye Universiteit te Amsterdam. [6]

In antwoord betuig Postma "in diepe ootmoed" sy "opregte en innige dank" teenoor sy Alma Mater, en maak dan sy hart oop teenoor sy gewaardeerde eweknie:

"Ek kan maar alleen met die Psalm digter van ouds aan God die eer toebring want ek glo dat dit Hy is wat die harte beweeg het om ons stryd met sukses te bekroon. Ek wil dan ook vertrou dat my Alma Mater, die Vrije Universiteit van Amsterdam, en die Universiteit van Potchefstroom vir Christelike Hoër Onderwys op die ingeslane weg sal voortgaan i.v.m. die Christelike Wetenskaps beoefening, en mag God ons daarin verder so naby wees opdat die lof en die eer van Christus se naam verhoog word ook op die terrein van die Wetenskap. Ek besef terdeë dat die stryd vir beide Inrigtings nog altyd feller sal word en dat dit alleen die geloof in God Almagtig sal wees wat ons sal help om die stryd tot die einde toe met sukses deur te voer." [7]

Ook van senaatskant het die VU hartlike meelewing in die PUK se groot vreugde betoon, dit as rede vir voldoening en dankbaarheid bestempel "dat de Vrije Universiteit niet langer meer als enige ter wêreld de Calvinistische wetenschapsbeoefening voorstaat...". Dit is hul bede dat God Sy krag en gees sal skenk "opdat de Zuid-Afrikaanse en de Nederlandse Universiteit mogen zijn en blijven als de opgericht tekenen van Zijn Koninkrijk ook over de terrein der wetenschap." [8]

Vanaf Calvin College, Grand Rapids, Michigan in die Verenigde State word via prof HG Stoker die hartlikste gelukwense ontvang, met die hoop "that your institution will continue to be a light in the world".[9] Radio Nederland se Suid-Afrikaanse afdeling van sy rubriek "Wêreldomroep" het oor die lug prominensie aan die PUK se selfstandigwording verleen terwyl ook die blad *Trouw* 'n artikel hieroor geplaas het. [10]

In die maandblad *Zuid-Afrika* het prof PJ van Winter ook die aandag gevestig op "POTCHEFSTROOM'S OVERWINNING" en dit in 'n subopskrif bestempel as "Centrum van Christelijk onderwijsbeleid". Die aandag word gevestig op die spesifieke bepaling dat die Christelike karakter van die nuwe universiteit gehandhaaf moet word en dat slegs Christelike personeel aangestel mag word – in teenstelling met die blote verwysing na die Christelik-nasionale karakter van die pas selfstandiggeworde Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Ook word aangesluit by 'n siening van prof LJ du Plessis, wat onder meer hulde gebring het aan dr A Kuyper vir sy inspirasie op 'n man soos Totius, maar dan word dit só uitgelê: "Het is de antithetische geest van dr Kuyper die hier een overwinning heeft behaald op het algemeen Christelijk-nationale van de traditionele Afrikaner overtuiging". Die vergelyking met Nederland beteken "dat de verheffing van Potchefstroom tot zelfstandige (niet "Vrije") universiteit voor Zuid-Afrika iets zou betekenen als het scheuren van de algemeen protestants christelijke groep in het Nederlandse leven van het einde van het 19de eeuw." Elkeen kan self besluit of daarin 'n bedreiging gesien moet word of nie.

Die aanspraak van prof Stoker, in 'n *Koers*-artikel onder opskrif "Dit is ons erns", dat die PUK moontlik die sentrum kan word vir die bepaling van Christelike beleid ten opsigte van alle fasette van die samelewing, het die vrees laat ontstaan vir onverdraagsame oorheersing. Dit sal nie maklik "in die wereld van de Afrikaner" aanvaar word nie – wat juis 'n waarborg bied teen Potchefstroomse oorheersing en die oplegging van "de officiële sienswijze van Potchefstroom aan geheel het land", indien dit dalk beoog word. [11]

Selfs van die vernaamste beswaardes in die voorafgaande stryd om die gewetensklousule, die Joodse gemeenskap, was daar – weliswaar op bedekte wyse – 'n positiewe reaksie. Op 1 Mei stuur die redakteur van *Jewish Affairs* 'n kopie van die jongste uitgawe van sy blad aan rektor Postma en verwys na 'n artikel getiteld "Potchefstroom and the Conscience Clause". [12] In wat bestempel word as 'n objektiewe siening word die aandag gevestig op die implikasies van die aanvaarde wetsontwerp vir die selfstandigheid van die PUK, vir sover dit die gewetensklousule betref. Dit word toegegee "that the battle for the Conscience Clause has been lost", maar minstens word dit verwelkom dat daar geen toetse ten opsigte van kerklidmaatskap sal wees nie. En die hoop word uitgespreek dat die PUK die ideaal van vryheid, wat so sterk deur dr Jan Steyn in die parlement verwoord is, sal handhaaf. [13]

Op die kampus was die blydskap en opwinding ewe groot en in aller haas is begin met voorbereidings vir die amptelike en plegtige inwerkingtreding van die wet, geskeduleer vir 17 Maart 1951. [14]

Dit was 'n vanselfsprekendheid dat die "rector magnificus" van die VU as gas na die verrigtinge uitgenooi sou word. Maar van VU-kant was daar 'n finansiële belemmernis en het Postma dit langs ander weë moontlik probeer maak. Binne die kader van die wedersydse kultuurverhoudinge tussen die twee lande was dit nie moontlik nie, maar die gewilde Nederlandse ambassadeur, mnr Jan van der Berg, het die weg aangewys. Enkele weke tevore het hy reeds teenoor Postma genoem dat dit eintlik die Nederlandse regering se morele plig is om 'n VU-professor na die feesvieringe te borg. Postma en "ons aller vriend" Van der Berg (soos Prins Bernhard van Nederland hom bestempel het) het koppe bymekaar gesit, van der Berg het op 'n tuisbesoek die toutjies bymekaar getrek en prof Dooyeweerd sou in eie persoon kon deel in die vreugde en opgewondenheid rondom 17 Maart 1951. [15]

Maar die geëerde rektor van die Alma Mater van Postma sou ook 'n rukkie later persoonlik deel in die rou wat vlak onder die oppervlak van hierdie blydskap gelê het.

## 5.3.2 "Soos 'n Moses" … Postma oorlede

In hul opwinding oor die groot dag wat op hande was, sou die PUK-gemeenskap met 'n skok tot stilstand geroep word deur die afsterwe van rektor Postma op Saterdagaand 4 November 1950. Soos Moses, het hy die beloofde land gesien. Maar, ook soos Moses, was dit hom nie beskore om dit te betree nie ...

Die jaar 1949 was 'n vol jaar, vir PUK en vir Postma. Eers was daar die vernietigende biblioteekbrand, in Februarie – wat, volgens sy seun Johannes, hom liggaamlik geknak het. Kort hierna, in Maart, het rektor Postma 'n ligte beroerte-aanval gekry juis toe hy weer op pad was om die impak van die brand op hoë regeringsvlak te beredeneer. Vroeg in April is hy op pad Kaap toe, om te gaan aansterk (maar ook om oor die skade van die brand te onderhandel) en word gevoelvolle mosies van deelneming in sy siekte deur die Raad en Senaat aan hom oorgedra. [16]

By die herdenking van sy sewentigste verjaardag in dié jaar vertel Postma in 'n artikel onder die opskrif " 'n Woord van dank" en met subtitel "Die dae van ons jare – daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is, tagtig jaar", van hierdie bewoë tydperk in sy lewe: "Kort na die ramp het Hy my met ernstige krankheid besoek, maar daarby 'n wonderlike herstel van kragte uit genade geskenk sodat ek weer my taak kan opneem. Met blymoedigheid en innerlik grootliks versterk kan ek weer saam-arbei, ook aan die verwesenliking van ons verhewe doel om 'n selfstandige universiteit te word. Mag Hy ons almal saam vergun om dit te beleef!" [17]

In Mei word Postma op 'n besondere wyse vereer: "In hierdie jaar van soveel geskiedenis het die Universiteit van Suid-Afrika my besonderlik vereer met die toekenning van die ere-graad D.Ed. Vir hierdie erkenning en verering is ek innig dankbaar saam met my hele gesin, veral dat dit deur dié Universiteit gedoen is wat ek die voorreg gehad het om in verskillende



*5.3.1*

***In Mei 1949 is ‘n eredoktorsgraad deur die Universiteit van Suid-Afrika aan prof F Postma toegeken. Hier bekroon visekanselier dr AJR van Rhijn vir Postma, en agter kyk prof JD du Toit (Totius) toe. Selfstandigwording was die verwesenliking van dié twee se droom, sedert hulle rondom die eeuwending in “ballingskap” langs Amsterdam se gragte dié visioen vir hulle opgetower het.***

ampte baie jare te dien.” Hy kyk terug op sy lewe en al sy diensjare en sê dan met nederige en ootmoedige dankbaarheid: “Soli deo gloria!” [18]

Prof Postma is ook deur die tydskrif *Koers* geluk gewens met die eredoktorsgraad: “As daar een man is wat die graad met ere verwerf het, dan is dit die man wat sy hele lewe gewy en gegee het aan die vestiging en ontwikkeling van Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika. Die graad is verdien met sy hoof, met sy hart en sy hand!” Met dank aan God dat hy Postma vir soveel jare gespaar het, is daar ook die bede: “Mag God hom nog baie jare spaar sodat hy tenminste die bekroning van sy lewensarbeid kan sien: die selfstandigheid van die “Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys”. [19]

Met die herdenking van sy sewentigste verjaarsdag het kollega prof J Chr Coetzee, namens die tydskrif *Koers*, in ‘n huldeblyk aan Postma onder andere geskryf dat dit aan min mense in die lewe gegun is “om soveel in so ‘n kort tydjie van 70 jaar tot stand te bring”. Meer as 45 jaar leraar en beoefenaar van die Christelike wetenskap, wat al sy onderwys en opvoeding aan inrigtings vir Calvinistiese onderwys ontvang het: kan iemand ooit, sê-vra Coetzee, beter gevorm wees vir sy lewenstaak “as hierdie man wat nie alleen deur God ryklik geseën is met gawes van verstand, gevoel en wil nie maar wat ook in die vrese van Gods naam groot geword het!” Coetzee wys daarop dat Postma vir byna 30 jaar aan die hoof staan van die Potchefstroomse inrigting vir Christelike hoër onderwys en dat hy vanaf inkorporasie in 1921 onafgebroke as rektor dien.

**Coetzee maak natuurlik hier ‘n lelike fout - ‘n fout wat ongelukkig verdere navolging gevind het en onder andere ook op sy grafsteen en op die bekende borsbeeld van prof Ferdi in die voorportaal van die rektorskompleks in die Joon van Rooy gebou herhaal is, naamlik om Postma se rektorskap eers vanaf inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika in 1921 te dateer en nie vanaf die totstandkoming van die PUK vir Christelike Hoër Onderwys op 23 Julie 1919 nie.**

Inderdaad was Postma dus vir ‘n raps meer as dertig jaar aan die stuur van die Potchefstroomse inrigting vir hoër onderwys – wat baie beslis binne die Suid-Afrikaanse universiteitswese maar moontlik ook in breër konteks ‘n rekord moet wees.

Coetzee wys verder daarop dat die bekende Nederlandse geleerde, prof dr J Waterink, by geleentheid die “wonderlik passende uitdrukking” op Postma van toepassing gemaak het: “Prof Postma is

geen persoonsnaam nie, maar 'n begrip! Word daar gepraat van Ferdinand Postma, dan word daar gepraat van die P.U.K. vir C.H.O. Net soos die 'Vrye' verbind is aan die naam Kuyper, net so is die 'P.U.K. vir C.H.O.' verbind aan die naam Postma!"


Coetzee verwys na die lang tydperk wat Postma, naas sy rektorskap, ook nog dosent was, en sê dat daar nooit by hom verslapping ingetree het nie en dat hy steeds met die nougesetheid en strengheid van 1910 werk, toe Coetzee as student hom leer ken het. Wat 'n wonderlike aansporing vir kollegas en studente: "Ek dink hier veral aan sy opofferende arbeid in liefde gedoen in verband met die insameling van gelde vir ons inrigting. Soos 'n Paulus hom nie vir die evangelie van Christus geskaam het nie, so skaam prof Postma hom ook nie. Dat daar aan die P.U.K. vir so baie jare met soveel liefde, opoffering en eensgesindheid gewerk word, het ons in die eerste plek te danke aan die leiding van hierdie dienskneg van die Here. Hy lei nooit sonder die gebed om krag en wysheid nie, nooit sonder om self te werk nie."

Na 'n ligte beroerte-aanval in Maart 1949 het Postma dermate herstel dat hy binne enkele maande weer sy normale pligte kon hervat. En welke pligte was dit nie, midde-in die proses om die PUK tot selfstandigheid te lei. Van gehoor gee aan 'n versoek van die Raad, "om maar stadig" te gaan", [20] sou daar nie juis sprake kon wees nie …

Ten spyte van sy gesondheidstoestand en gevorderde jare het Postma hom met absolute oorgawe en toewyding gewy aan die afronding van sy lewensideaal. Met die opstel van memoranda en inligtingstukke het sy hand altyd die finale afronding gedoen. Kollega J Chr Coetzee is reeds aangehaal wat betref Postma se rol by die opstel van die wetsontwerp. Hy het ook self die voorsitterstoel ingeneem van die kommissie wat die feestelikhede met selfstandigwording (voortaan daarna te verwys as Feeskommissie) moes reël.

Agterna getuig prof HJJ Bingle, wat as sekretaris van die Feeskommissie ten nouste met hom saamgewerk het, só hiervan: "Ons wat saam met hom die voorbereidings vir die fees moes tref, het steeds onder die indruk daarvan gekom hoe hy hom gehaas het om alles betyds reg te kry. Ten tye van sy dood was alle reëlings dan ook in breë lyne getrek en moes die fynere besonderhede nog slegs ingevoeg word." [21]

In die wandelgange van die hoogste raadsale van die land en in sy omgang met hooggeplaaste beleidmakers het hy homself nie gespaar nie maar met sy natuurlike grasie en onopgesmukte persoonlike sjarme mense en stemme vir sy saak – die Potchefstroomse Universiteit met sy onbetwiste Christelike karakter – gewen. Al was dit, soos registrateur Du Toit dit gestel het, "met sy sieklike liggaam".



***5.3.2***

***Prof Ferdinand Postma tydens die huldiging met sy 70ste verjaardag.***

Woensdagmiddag 1 November 1950, nadat hy die oggend nog 'n senaatsvergadering gelei en geen tekens van ongesteldheid getoon het nie, het Postma skielik 'n hartaanval gekry. Hy is behandel en het geleidelik beter begin word, maar laat Saterdagaand 4 November is hy na nog 'n hartaanval oorlede. [22]

Soos 'n Moses, bo van die berg Nebo af, het Ferdinand Postma die bekroning van sy lewensarbeid wel "gesien", soos dit vergestalt is in die aanvaarding van die wetsontwerp waarvolgens selfstandigheid verleen is en in die daaropvolgende stappe om aan die nuwe bedeling beslag te gee. Maar, ook soos Moses, was dit hom nie

gegun om die "beloofde land" self te betree nie. Soos Moses by sy sterwe (Deutr. 34:7), was ook Postma se oë nog goed en het sy kragte nog nie ingegee nie.


Waar die beeld van Moses en die Bybelse beloofde land in hierdie tyd vanuit verskeie oorde op Postma en die PUK as Christelike Universiteit van toepassing gemaak is, kom die vraag op of Postma dalk 'n besef gehad dat sy tyd daar was. In die verband word gedink aan sy getuienis voor die Gekose Komitee van die Volksraad, toe hy 'n aanduiding gegee het van die besef dat hy die onafwendbare verdere groei van die PUK "self nie meer te lank (sal) aanskou nie". [23]

Hoe ook al, die opmerking dat hy nie lei sonder om self te werk nie word nêrens beter geïllustreer as in die opstel van 'n voorwoord vir die beplande gedenkprogram vir die feesverrigtinge in Maart 1951 nie. Synde self aan die hoof van die Feeskommissie, het Postma stiptelik gehoor gegee aan die versoek van die subkommissie vir die gedenkprogram, wat op 4 September gerig is, deur sy bydrae vóór die spertyd – einde September – gereed te hê.

Met sy begrafnis het waarnemende rektor JC van Rooy vertel dat hy die vorige Donderdag, 'n dag na die eerste hartaanval, by Postma was: "By die geleentheid het prof Postma aan hom gesê dat hy baie geseënd was. Hy sou baie graag die selfstandigwording van die P.U.K. aanstaande jaar wou beleef, maar as dit anders beskik is, sal hy hom daarin berus. By sy heengaan sal alles in orde wees wat homself betref. Hy was kalm en tevrede." [24]

In piëteit en met eerbied het van Rooy, as sy opvolger, 'n opmerking wat Postma self in sy voordoodse voorwoord tot die gedenkprogram vir 17 Maart geskryf het en wat gerig was tot diegene wat al oorlede is, op Postma self van toepassing gemaak: "In die droefheid van ons harte, maar tewens in berusting in die wil van God, bring ons hulde aan hom, ons onvergeetlike Rektor, in sy eie woorde: "Aan sy [hulle] nagedagtenis bring ons op hierdie kroningsdag met diepe erkentlikheid ons dank en hulde! Sonder sy [hulle] opoffering en inspanning sou ons vandag nie kon feesvier nie!" [25]

In die Senaat het van Rooy in herinnering gebring "sy onvergeetlike arbeid aan ons inrigting sedert 1905 [moet lees: 1904], wat dikwels gepaard gegaan het met stryd en opoffering; sy volharding en heilige optimisme; die inspirerende voorbeeld en die tedere en aangename herinneringe wat hy nagelaat het". [26] En by 'n latere geleentheid word dit onverbloem deur sy opvolger gesê: die wordingsgeskiedenis van die PU vir CHO is die lewensgeskiedenis van Ferdinand Postma. [27]



***5.3.3***

***Wits-rektor EH Raikes... het groot respek vir Postma gehad.***


Huldeblyke aan die ontslape PUK rektor het van heinde en ver ingestroom. [28] Vanuit Amsterdam getuig die gevierde prof dr Waterink: "De naam van Uw man staat met gulden letteren geschreven in de historie van het volksleven van Zuid-Afrika", terwyl boekhandelaar T Wever, ook vanuit Holland, melding maak van die belangrike plek wat Postma in die Afrikaanse maatskaplike en kerklike lewe ingeneem het, en van "een grote leegte ... ontstaan door het wegvallen van deze grote figuur". [29]

Die rektor van die Universiteit van Witwatersrand, prof EH Raikes, het groot respek vir Postma gehad: "Hy was 'n groot leier van u Kollege en het vir jare lank gewaak oor die wel en wee daarvan. Maar hy was nog meer – hy was 'n vriend van opvoeding in die wydste opvatting, en as sodanig 'n ware vriend van almal wat in Suid-Afrika die belange van opvoeding met liefde dien". [30]

'n Vakkundige kollega en mede-eksaminator van die Universiteit van Natal, BH Farrar, is daarvan oortuig, "no one could have been more gentlemanly and easy to work with ... In addition, I had the pleasure of meeting him at a University Senate meeting, where I saw him display the same qualities as a chairman". [31]

Dan is daar die ou volksmoedertjie, Oumatjie Stoffberg, reeds 85 jaar oud, wat mev Postma aanspreek as "U onbekende vriendin". Sy het die Postmas nooit ontmoet nie, maar identifiseer ten volle met die PUK-familie: "Prof Postma heengegaan! Na die mens gesproke vir ons Universiteit op Potchefstroom so onmisbaar." [32] San (Susan, dogter van ds WJ de Klerk) en Hans Strijdom, vurige politieke "Leeu van die Noorde" en die man met wie die politiek-georiënteerde personeellede van die PUK by tye skouers geskuur het, laat weet met 'n nota: "Dit is ook ons verlies! Die hele Afrikanerdom se verlies en in besonder die verlies van die Gereformeerde Kerk en die P.U.K." [33] Ook CR Swart, wat as betrokke minister ten nouste met Postma in aanraking was tydens die deurloodsing van die wet vir selfstandigwording, rig 'n gevoelvolle briefie aan mev Postma. **(insetsel)**

Postma se ongeëwenaarde kwaliteite as leier, akademikus en gewone mens is ook oor 'n wye boeg




Pretoria,

Ministerie van Justisie.
Ministry of Justice.

14. 11. 50.

Geagte Mevrou Postma,
Ongelukkig was ek ten tyde van die afsterwe van u eggenoot uitstedig, anders sou ek nie versuim het nie om die begrafnis by te woon as laaste hulde blyk van 'n beminde en hooggeagte vriend.
Graag wil ek u my innige deelneming betuig — u en u gesin. Daarby gee ek u die versekering dat u eie verlies ook die ernstige verlies van ons Afrikanervolk beteken.
Vir my persoonlik het die berig groot droefheid veroorsaak, want ek het hom oor



Pretoria,

Ministerie van Justisie.
Ministry of Justice.

14. 11. 50.

Geagte Mevrou Postma,
Ongelukkig was ek ten tyde van die afsterwe van u eggenoot uitstedig, anders sou ek nie versuim het nie om die begrafnis by te woon as laaste hulde blyk van 'n beminde en hooggeagte vriend.
Graag wil ek u my innige deelneming betuig — u en u gesin. Daarby gee ek u die versekering dat u eie verlies ook die ernstige verlies van ons Afrikanervolk beteken.
Vir my persoonlik het die berig groot droefheid veroorsaak, want ek het hom oor

***5.3.4***

***Brief van simpatie vanaf CR Swart.***




***5.3.5***

***Oumatjie Stofberg ... simpatiseer as “U onbekende vriendin”.***

gehuldig. Redakteur CV Bate skryf in die *Potchefstroom Herald* onder andere soos volg: “The late Dr Postma was generally revered, being a man of outstanding cultural attainments and possessing a personality of quiet charm and a sympathetic nature which was enhanced by his wide literary and theological knowledge. He was, indeed, one of Nature’s gentleman, and his passing brings a very real sense of loss particularly to the Potchefstroom University College, now on the threshold of its elevation to full university status ... His appointment to the vice-Chancellorship of the University of South Africa was a clear indication not only of the esteem in which he was held but recognition of the fact that he was regarded as a power in the Union’s educational world. He was a patriot in the highest sense and his fervour for the promotion of every interest tending to the advancement of Afrikaans culture did not obscure his broadminded outlook on every phase of South African affairs in general ...” [34]

Studenteraadsvoorsitter vir 1951, Bouke Spoelstra, het die gevoel van die studentemassa vertolk: “En toe, plotseling, onverwags, is ons tot besinning geroep ... Spraakloos het ons gestaan om die oop graf van ons Rektor.” Hy het Postma gehuldig dat hy die studente soos ‘n familie gelei het, dat hy soos die Bybelse profeet Nehemia was: ‘n meesterbouer in diens van sy Meester. [35]

Historikus DW Krüger het, op sy beurt en bewustelik of onbewustelik, senator Edgar Brookes se tipering van Postma kort tevore vergestalting laat kry in ‘n persoonlike huldigingsartikel in ‘n plaaslike koerant, onder die opskrif “Christian, Scholar and Gentleman”.



***5.3.6***


***Sr-Voorsitter Bouke Spoelstra: "Ons is tot besinning geroep..."***

In 'n aangrypende persoonlike ontboeseming van Krüger se eie ervaringe met en van Postma kom laasgenoemde se karakter sterk na vore: "I see him slowly and stately walking along the corridors of the main University building. I see him sedately nodding to friends and acquaintances and now and then smiling condescendingly. What struck one most of all was his immense dignity, and his respect for tradition as outwardly expressed in the regalia and insignia of academic life. He would have made a wonderful mediaeval primate and prince of the church. Summoned to interview him in his office always created the impression of meeting royalty, such was his courtly grace."

Die dinamiese, energieke historikus met sy besondere vermoë om waarneminge en bevindinge te verwoord, verdien om verder aangehaal te word in sy evaluering van Postma. Nadat hy onder meer ook die kwaliteite "very human", "a keen sense of humour", "understanding father of his family", "tolerant and wise and just" en "personal friend of his staff" tot die lys bygevoeg het, vervolg Kruger: "He was the best chairman I ever served under and knew how to conduct a meeting with expedition and ease, often resorting to compromise when necessary. He took an interest in the smallest details of University life, all the different Faculties and departments, the academic as well as the administrative side."

Skrywer hiervan, wat vir meer as drie voltydse jare op die nagelate spore die pad van die PUK van die begin af geloop het – 'n pad wat vir byna 'n halfeeu lank deur Ferdinand Postma as vernaamste rolspeler bewandel is – kan ten volle met Krüger assossieer in sy slotbevinding: "To review the life of Dr Postma is like reading an absorbing book, and with his passing a chapter of local history is finished. But he was truly of more than local importance, verily a national figure, and a champion for education throughout the country. It is hard to realise that with his death not only the College he was so intimately connected with, but the whole community has lost somebody who cannot be replaced." [36]

Ook uit die pen van Totius, boesemvriend en mede-argitek van die Christelike universiteit wat nou finaal aan die soom van die Mooirivier gevestig is, het 'n erkentlike "In Memoriam" voortgevloei. **(Insetsel)**



Prof. Dr. FERDINAND POSTMA †

# In Memoriam.

Dat kollega Postma van ons twee die eerste heen sou gaan, het in my gedagte nie opgekom nie, altans nie in die jare toe ons saam werksaam was aan die twee inrigtinge vir hoër onderwys in Potchefstroom gevestig nie.

Deur die wegneming van professor Postma het die Here getoon dat die taak van my kollega volvoer was. Maar al neem die Here sy diensknegte weg, sy werk sit Hy voort, soos dit uitgebeitel staan op die grafmonument van Wesley.

Reg besien, was professor Postma die man van één taak. As skolarg van Potchefstroom sal hy onder ons bekend staan. Inderdaad was hy dit vóór alles.

By die volvoering van hierdie taak het ek altyd in hom bewonder sy gedetermineerdheid en volharding.

Swaar tye het ook oor sy hoof heengegaan. Maar terugdeins — nee, daaraan het hy nie gedink nie.

En nou verrys daar as nagedagtenis van hom die monument wat hy — natuurlik met behulp van ander — in die worsteljare gestig het. Mag die Here dié werk bevestig!

Eindelik dink ek aan die woord van Kuyper, uitgespreek deur hom by die stigting van die Vrije Universiteit in 1880. Daar is toe baie ywer aan die dag gelê, nie die minste deur Kuyper self nie. Daarom het hy uitgeroep: ,,Blijve voor de bouwmeesters de diepste zielstoon ook te midden van het heiligst enthousiasme: *God alleen zij de Eer!*

J. D. du Toit.

***5.3.7***

***"In Memoriam", deur Totius, in Gedenkprogram 14-17 Maart 1951.***



DIE VADERLAND ★ Woensdag, 8 November 1950.

## BY DIE GRAF

DIE begrafnisstoet kom die kerkhof binne (foto heel regs). Aan die linkerkant stap mnr. S. Vermooten, die begrafnisondernemer, en ds. J. V. Coetzee, wat die lyksrede waargeneem het.

—★—

OP die foto regs is mev. Postma, eggenote van wyle prof. Postma, by die graf van haar eggenoot te sien. Aan haar regterkant staan haar seun, ds. J. Postma, en aan haar linkerkant staan haar dogter, mev. (dr.) O'Grady.

—★—

## Dr. Ferdinand Postma Oorlede

### Tot Sy Dood Gewerk in Belang van P.U.K.

POTCHEFSTROOM.

PROF. DR FERDINAND POSTMA, rektor van die Potchefstroomse Universiteitskollege, is Saterdagnag om 11.15 oorlede. Hy het na die sitting van die kollege se senaat verlede Woensdagaand 'n toeval gekry, maar het mooi beter geword totdat sy toestand om tienuur Saterdagaand begin versleg het.

Prof. Postma is op 15 Julie 1879 te Aliwal-Noord gebore en was die seun van ds. Marthinus Postma en Elizabeth Spiller. Hy het sy skoolopleiding in Burgersdorp en Middelburg (K.P.) ontvang. In 1903 is hy na die Vrye Universiteit van Amsterdam wat hy weer in 1914 besoek het toe hy die graad D.Litt. ontvang het.

Van 1903 tot 1916 was hy professor in die letterkunde aan die teologiese skool van die Gereformeerde Kerk. In 1916 toe die P.U.K. 'n universiteitskollege geword het, is hy benoem tot professor in die Klassieke en ook tot rektor. Dit het hy tot sy dood gebly.

Hy het 'n wye belangstelling vir die opvoedkunde en kulturele liggame gehad. Van die Universiteit van Suid-Afrika was hy onderkanselier en voorsitter van die senaat. Hy het gedien as lid van liggame soos die Matrikulasieraad en die Akademie. Behalwe handboeke oor Latyn het hy werke geskryf met godsdienstige strekking en ook 'n paar Afrikaanse romans. In 1949 is die eregraad D.Ed. deur die Universiteit van Suid-Afrika aan hom toegeken.

Prof. Postma het groot belang gestel in die Christelike Nasionale Onderwys. Sy lewenswerk was die uitbouing van die P.U.K. tot selfstandige universiteit. Hierdie ideaal is vanjaar verwesenlik met die aanname deur die Parlement van die wet wat die P.U.K. tot selfstandige universiteit verklaar.

Die begrafnis vind môremiddag (Dinsdag) om 2.30 vanuit die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom, plaas. —(V.O.B.)

DR. F. POSTMA

## Dr. Postma Was Groot Onder Die Grootstes: Hulde By Uitvaart

studente van die P.U.K.; ds. G. D. Worst, namens die N.H. of G. Kerk; ds. J. Dreyer, namens die Hervormde Kerk, eerw. Bailey en ds. H. J. R. du Plessis, voorsitter van die Raad van Beheer van die P.U.K

Al die kinders van wyle prof. en mev. Postma was by die begrafnis teenwoordig. Ds. J. Postma, seun van die oorledene, het ná die afloop van die begrafnis die bedankingswoord namens die familie gevoer.

Hulde is ook gebring deur die volgende persone: mnr. H. Holtzhausen, Potchefstroom se burgemeester; prof. J. C. van Rooy, waarnemende rektor van die



**5.3.8**

***Mev Margaretha Jacoba Postma***

**5.3.9**

***Berigte oor Postma se afsterwe.***

Bo en behalwe alles wat oor Postma gesê is, al die hulde en eerbetoon wat onder woord gebring is, is daar ook gedink aan "die vrou op die agtergrond van die beeld van 'n groot man", die moeder en eggenote: Margaretha Jacoba (gebore Coetzee).

Dank en waardering is betuig "vir haar aandeel aan die opbou van ons Inrigting deur haar selfopofferende liefde en trou aan haar man, ons heengegane leier ... Sonder haar liefde en trou, sonder haar opofferende ondersteuning kon prof Postma dit nie gedoen het wat hy wel gedoen het nie ... Deur haar stille krag het sy

hom in staat gestel om te bou en te ontwikkel. Die P.U.K. vir C.H.O. is gebou deur twee mense wat net daarvoor geleef het: prof Postma, wat na buite gewerk het, en mev. Postma, wat die rots was wat sy lewe beveilig het." [37]

Tydens sy begrafnis is verdere hulde gebring, is hy deur dr Jan Steyn, plaaslike Volksraadslid wat so nou saamgewerk het in die verkryging van selfstandigheid, as "Groot onder die Grootstes" beskryf: "Eer hom, hy sou in enige volk groot gewees het." Die rektor van die Universiteit van Pretoria, prof CH Rautenbach, het namens al die universiteite 'n treffende huldeblyk gelewer: "Prof. Postma was die veteraan onder die onderwysmanne in Suid-Afrika. Hy was die man van ervaring, wysheid en geryptheid na wie die ander om raad gegaan het. Hy was deur sy vriendelikheid besonder gewild in universiteitskringe." [38]


Postma se dood was die einde van 'n era in die geskiedenis van die PUK, 'n afsluiting en 'n toemaak van 'n boek. 'n Suksesverhaal soos min. Sy missie was bereik, sy ideaal verwesenlik. As argitek en medebouer het hy die gebou van 'n selfstandige Christelike universiteit voor sy oë sien verrys, totdat dit in al sy klaarheid daar gestaan het – gereed om in gebruik geneem te word. Toe het sy son gesak … en weldra sou 'n nuwe daeraad oor die Potchefstroomse Bult aanbreek.

## 5.3.3 Nuwe rektor: JC (Joon) van Rooy

Daar is nie lank getalm, en ook nie juis kopgekrap oor 'n opvolger vir die geliefde Ferdinand Postma nie. Tydens die Raadsvergadering op 22 November 1950 is prof JC (Joon) van Rooy, wat "feitlik eenparig" deur die Senaat aanbeveel is, met algemene stemme deur die Raad as rektor benoem, vanaf 1 Desember.

Die term "feitlik eenparig" wat betref die Senaat se steun hou in dat daar wel meer as een kandidaat was. Nominasies is gevra en daar is gestem ook, maar die notule meld nie wie die ander kandidaat of kandidate was nie. Herinneringe van destydse personeellede dui daarop dat daar twee kandidate was, naamlik proff J Chr Coetzee en DJ (Dirk) van Rooy. Eersgenoemde was naas Van Rooy die personeellid langste verbonde aan die PUK en die man wat 'n tydjie tevore, tydens afwesigheid weens siekte van sowel Postma as Van Rooy (ondervoorsitter van die Senaat), vir 'n rukkie as waarnemende rektor uitgehelp het. [39] Daar is aanduidings dat daar agter die skerms en onder die oppervlakte effense onderstrominge was, veral rakende die kandidature van proff van Rooy en Coetzee. [40]

'n Byna terloopse inskrywing in notuleboeke, betreffende die rektorale benoeming, trek wel die aandag: 'n eenparige versoek van die Senaat aan die Raad dat dit beleid moet wees om 'n lid van die personeel as rektor aan te wys. [41] Die Raad se reaksie hierop was dat die saak deur die wet en statute bepaal word en dat die Raad dienooreenkomstig moet handel. [42]



***5.3.10***

***J Chr Coetzee en DJ Van Rooy – saam met JC van Rooy, die vernaamste aanspraakmakers op die PUK se rektorskap, ná Postma se oorlye in November 1950.***

Maar waarom dan só 'n versoek, veral omdat die Senaat direk daarna byna eenparig een uit hul midde vir die pos benoem en die ander genomineerdes beslis ook personeellede was? Was daar dalk sprake van iemand van buite? Indien wel, wie?

Navrae by enkele van die persone wat destyds op die personeel was, het niks aan die lig gebring nie. Oor die motiewe vir hierdie versoek kan dus bloot gespekuleer word.

Dit is baie moontlik dat daar by senaatslede vrees was vir 'n herhaling van die rektorale krisisse by eweknie-instellings soos die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, waar buitestanders by verskeie geleenthede kandidate vir hierdie gewigtige en gesogte pos was. Soos gesien, was Postma self, in 1934-1935, sterk in die wedloop om rektor van UP te word – welke pos na 'n uitgerekte stryd die Kontroleur- en Ouditeur-generaal van die Unie, mnr CF Schmidt (BA), toegeval het. Ook prof MC Botha het in 1941 van buite, as sekretaris van Onderwys, in UP se rektorstoel kom sit, [43] terwyl GM Hofmeyr, afgetrede sekretaris van dieselfde departement, ook met slegs 'n BA-graad, in 1928 rektor van Grey Universiteitskollege (later UKOVS) geword het. [44]

Net nadat hy as kandidaat aangewys is, het prof Coetzee vir Van Rooy namens die Senaat geluk toegewens. Historikus DW Krüger het by dieselfde geleentheid daarop gewys dat Van Rooy die laaste oorlewende is van die oorspronklike lede van die



*5.3.11*

***Prof JC van Rooy, nuwe rektor.***

Senaat tydens inkorporasie. Of dit die notuleerder of Krüger se fout was, is nie duidelik nie, maar die notule dateer inkorporasie in 1919! [45]

Gebore op Steynsburg in 1890, het Van Rooy sy opleiding aldaar aan die CNO-skool en later aan die Literariese Departement van die Teologiese Skool te Potchefstroom ondergaan. Met 'n BA-graad het hy eers 'n ruk gaan skoolhou, waarna hy in die teologie verder studeer het. Hy bekwaam hom hierna met 'n MA-graad in Wysbegeerte.

In Oktober 1952, tydens die ontvangs van 'n eredoktorsgraad van die Vrye Universiteit, herinner Van Rooy hom hierdie fase van sy lewe só: "Toe ek as jong student in Potchefstroom gekom het, het ek as leermeesters daar aangetref drie alumni van die Vrye Universiteit, nl. prof dr J.D. du Toit, wyle prof dr F. Postma en wyle prof J Kamp. Proff Du Toit en Kamp was studente van wyle dr Abraham Kuyper. Prof Postma was student van wyle dr Woltjer. Hierdie drie persone, aldrie bewonderaars van die Vrye Universiteit en van die stigters en voorstanders van hierdie inrigting, het my besiel met een ideaal. Ek sou my studie in Potchefstroom voltooi; ek sou daarna na die Vrye Universiteit gaan om hier die hoogste akademiese graad te behaal. Ek sou na my vaderland terugkeer en my kragte, na die beste van my vermoë, wy aan die bevordering van die Christelike wetenskap en van die Calvinisme in die algemeen. Alles was gereed: ek sou in 1915 na Amsterdam kom. In 1914 breek die Eerste Wêreldoorlog uit. My ideaal was vernietig. Tog beskik die Here dit so dat my in Potchefstroom 'n betrekking aangebied word."

Op 1 Januarie 1920 aanvaar Van Rooy diens by die destydse PUK vir KHO en in 1922 word hy bevorder tot professor. In 1927 sit hy sy onderbroke studies in Nederland voort, maar weer gebeur dit: "Onvoorsiene moeilikhede tuis gepaard met onverpoosde arbeid alhier veroorsaak 'n oormaat van spanning met die resultaat dat ek onverrigtersake moes teruggaan ... Terwyl ek in Amsterdam is, word op my 'n dringende beroep gedoen. Die inrigting in Potchefstroom, wat nog in sy aanvanklike pionierstadium verkeer het, het onverwags in 'n ernstige krisistoestand beland. Die beroep hou in dat ek behalwe my doseerwerk die registrateurskap moes onderneem, d.w.s. dat ek die verantwoordelikheid van die hoofadministratiewe amptenaar op my moes neem." [46]

Van Rooy tree in hierdie dubbele hoedanigheid op tot in 1937, toe hy ontslag vra en 'n voltydse registrateur in die persoon van mnr S du Toit (sedert 1928 assistent tot Van Rooy) aangestel word. Van Rooy dien egter vanaf hierdie datum tot in 1947 as sekretaris van die Raad en die Senaat.

Op akademiese gebied het Van Rooy op verskillende senaatskomitees gedien, was hy vir 'n tyd lank dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, dien hy sedert 1945, met die instelling van die amp, as ondervoorsitter van die Senaat en verteenwoordig hy hierdie liggaam op die Universiteitsraad. By die Universiteit van Suid-Afrika het hy 'n aantal termyne gedien as dekaan

van onderskeidelik Lettere en Wysbegeerte, Sosiale Wetenskap en Teologie. [47]

Van Rooy was egter nie net 'n deurwinterde akademikus nie, hy was ook "man van die volk", soos daar in 1939 tydens die massa saamtrek van Afrikaners rondom Monumentkoppie na hom verwys is. Saam met LJ du Plessis en enkele ander PUK-dosente was hy instrumenteel in die vestiging van die Afrikaner Broederbond in Potchefstroom in die vroeë twintigerjare en sou hy vir die volgende drie dekades 'n leidende rol speel in die kultuurlewe van die Afrikaner. As voorsitter van die AB en sy openbare vleuel, die FAK, het hy inderdaad vir lang tydperke die voortou geneem. Twee uitstaande optredes van hom in hierdie verband was toe hy as voorsitter 'n versoenende rol gespeel het by Monumentkoppie in 1939, en toe hy die gelofte voorgelees het tydens die luisterryke inwyding van die Voortrekkermonument in 1949. [48]

In 1948 was daar sprake dat hy as administrateur van Transvaal aangewys sou word. Indien hierdie groot en verantwoordelike betrekking hom toeval, wens prof Horton Davies, dosent te Rhodes en 'n medelid van die komitee vir Teologiese Studies, hom by voorbaat sterkte toe, met die wete dat hy 'n sieraad vir die amp sal wees en dit tot eer van God sal beklee. [49]

Vir Van Rooy was die (feitlik) eenparige steun van Raad en Senaat 'n riem onder die hart en hy het die benoeming aanvaar "in 'n diepe besef van sy eie swakhede en tekortkominge" en in biddende opsien tot God. [50]

Uit raadsgeledere is egter kommer getoon oor Van Rooy se bedrywighede op kultuurgebied, aktiwiteite wat hom, volgens eie erkenning kort hierna, verder weggevoer het van 'n streng akademiese loopbaan.[51] Dit is heel moontlik dat hierdie "kommer" wat getoon is, maar net 'n eufemistiese wyse was om die nuwe rektor so liggies oor die vingers te tik oor sy bedrywighede buite die akademie. By sy benoeming het raadslid ds ID Kruger 'n beleefde versoek tot hom gerig "om homself van alle ander aktiwiteite los te maak teneinde hom in hierdie nuwe en verantwoordelike betrekking te verdiep". Van Rooy het onderneem om hierdie sake in die reine te bring [52] en het gevolglik vroeg in 1951 die voorsittersamp van die AB neergelê en ook sy lidmaatskap van die Uitvoerende Raad van die beweging opgesê. Hy is hoë lof toegeswaai omdat hy veral in krisistye bereid was om leiding te gee. [53]

Van die PUK-personeel se kant was daar heelhartige aanvaarding, by monde van die volgende senior man in die tou, J Chr Coetzee: "Prof J.C. van Rooy was die raadsman van ons eerste rektor vir meer as 30 jaar. En wat 'n wyse raadsman! Dit verheug ons personeel om hom te verwelkom as ons nuwe rektor ... Ons ken hom, hy ken ons! Sy hele lewe was een onafgebroke dienstyd aan die P.U.K. vir C.H.O. Dat hy prof Postma moes opvolg was vir ons almal vanselfsprekend. Dat hy die eerste rektor waardig sal en kan opvolg, weet ons almal." [54]

In 'n ander huldeblyk wys Coetzee daarop dat Van Rooy op besondere wyse vir die taak gevorm is: "Reeds as student het hy op 'n bekwame wyse leiding in die studentelewe geneem. As student en as dosent het hy altyd sy groot gawe tot leiding getoon ... Hy was vanaf inkorporasie steeds die regterhand van prof Postma. Prof Postma het hom inderdaad grootgemaak as die volgende rektor." Deur sy herhaalde aanwysing as ondervoorsitter van die Senaat, sê Coetzee, het hierdie liggaam telkens aangedui wie hy as Postma se opvolger sou wou sien. [55] En by hernuwing word lojaliteit en onderskraging beloof: "Ons wil hom as ons nuwe leier, as ons 'primus inter pares' begroet en verwelkom. Ons is dankbaar dat hy ons mag lei. Ons wil hom verseker dat ons gewillig is om saam met hom die wa van ons Inrigting op die ou bekende weg voort te trek." [56]

Die Kersgety was op hande en die masjien wat selfstandigwording teen middel Maart in die praktyk moes verwesenlik, kompleet met feesvieringe oor 'n wye boeg, het goed geolie voortgesnel. Voorasnog was daar vir die nuwe rektor nie veel meer te doen as om die leisels te vat en toe te sien dat die droom, die lewensideaal van sy voorganger, op waardige en paslike wyse verwesenlik word nie.

Op Vrydag 23 Februarie 1951 het Van Rooy, voor 'n gepakte saal, sy rektorale intreerede gehou. Sy tema was "Die huidige wêreldsituasie en die roeping van die Calvinis ten opsigte daarvan". Wat betref sy taak en roeping as Calvinistiese inrigting vir hoër onderwys, sien die nuwe rektor die PUK as " 'n sitadel [fort, vesting] … te midde waarvan 'n ligtoring staan wat sy heldere glans, die glorie van God se Waarheidslig, versprei op alle terreine van die wetenskap. Aan ons Universiteit moet die onwaarhede en valshede wat in die duisternis van die ongelowige wetenskap wandel en soveel onheil, selfs binne die mure van die Kerk van Christus, bewerk, nagespeur, ontbloot en bestry word."

Dankbare en erkentlike hulde word ook gebring aan sy voorganger, wie se waardige gestalte nou slegs in herinnering in hul midde verwyl: "Die gedagte dat hy sy plek nooit weer tussen ons sal inneem nie, skryn deur die siel; soms dreig huiwering om ons te oorval … Die grootste hulde en eer wat ons aan sy nagedagtenis kan toebring, is om die groot werk wat hy gedurende so 'n lang en geseënde ampstermyn met ywer en nougesetheid verrig het, voort te sit … Ons dank God vir die lewe en arbeid van Ferdinand Postma." [57]



*5.3.12*

***CJ (Chris) Malan ... “Soli Deo Gloria” as rigsnoer.***

Student CJ (Chris) Malan, self bestem om baie jare later as voorsitter van die Raad ‘n betekenisvolle rol in die PUK se geskiedenis te speel, rapporteer in die studentekoerant soos volg: “Die Soli Deo Gloria-gedagte was sy rigsnoer in die verlede, is dit in die hede en sal dit steeds in die toekoms wees. Die gewigtigste en roerendste oomblik van die rektorale rede was die einde waar hy in ootmoed sy eie nietigheid voor God bely en vuriglik die leiding en hulp van die Almagtige afgesmeek het tot suiwere uitlewing van die beginsels van die P.U. vir C.H.O.” [58]

Opmerklik, en kenmerkend van Joon van Rooy, is die uiters lae profiel wat hy inneem tydens die feesverrigtinge kort hierna. Die reeds geskrewe voorwoord uit die pen van Postma word net so in die program opgeneem, met slegs ‘n kort naskrif ter verduideliking deur van Rooy as rektor. Hyself het ook die afdeling onder die opskrif “Bouers aan die P.U.K. vir C.H.O.” hanteer, waarin onder andere kort sketse van proff JD du Toit en Ferdinand Postma opgeneem is.

Van die nuwe rektor is daar, vreemd genoeg en soos andersins redelikerwys verwag kon word, nêrens in die program ‘n profielskets nie. So asof besef is dat die eer, vir sover dit menslik toegekom het, hier en nou eintlik vir sy voorganger bestem was.

## 5.3.4 Voorspel tot feesvieringe

### 5.3.4.1 Feeskommissies

In Mei 1950 het die Senaat op aanbeveling van die Senaatsbestuur ‘n hoofkommissie asook ‘n aantal subkommissies benoem om die komende selfstandigwording feestelik van stapel te stuur. [59] Die lede van die hoofkommissie (Feeskommissie) was proff F Postma (voorsitter), JC van Rooy, J Chr Coetzee, G Dekker, JP Jooste, DW Krüger, HG Stoker en DJ van Rooy asook Raadslid ds JV Coetzee, mnre GP Schoeman en CJH Schutte van die Administrasie en SR-voorsitters vir 1950 en 1951 onderskeidelik, WJ (Willem) de Klerk en Bouke Spoelstra. Na Postma se oorlye het sy opvolger, prof van Rooy, die voorsitterstoel ingeneem.

As sekretaris het die dinamiese, pas tot professor bevorderde dosent in Opvoedkunde, dr Hennie Bingle, deurentyd die vinger op die pols gehou en aldus ‘n groot rol in die sukses van die uiteindelike verrigtinge gespeel. As sekretaris van verskeie subkommissies het hy met kliniese deeglikheid toegesien dat elke besluit uitgevoer en elke stukkie inligting sy bestemming bereik. Sy aanvoeling vir die ordelike verloop van sake spreek duidelik uit die nagelate dokumentasie insake die feesvieringe – maar ongelukkig het enkele van die belangrikste lêers in hierdie versameling, naamlik die notules van die Feeskommissie en die subkommissies, iewers tussen prof Bingle en die hede verlore geraak.[60]

Benewens die Feeskommissie sou vier verdere subkommissies aan spesifieke sake aandag gee: ‘n Programkommissie, ‘n Propagandakommissie, ‘n Ontvangs- en onthaalkommissie en ‘n Publikasiekommissie. As uitvloeisel van ‘n voorstel van prof HG Stoker het die Publikasiekommissie (soms aangedui as -komitee) op sy beurt ‘n redaksie vir ‘n gedenkboek benoem, terwyl prof Postma kort voor sy dood die behoefte gevoel het om op eie houtjie ‘n kommissie te benoem om die embleem te hersien. Van Studenteraadskant is ‘n behoefte gevoel aan ‘n nuwe Alma Mater.



*5.3.13*

***Prof HJJ Bingle (middel) – dinamiese sekretaris van die hoofkommissie***

Die neerslag van die werksaamhede van veral die eerste drie kommisies is te vinde in die gebeure vanaf 14 tot 17 Maart 1951. **(kyk 5.3.5, onder)** Deel van die Publikasiekommissie se aktiwiteite is in woord en beeld vasgevang in die sierlike gedenkprogram wat onder redaksie van prof Stoker en dr SP van der Walt en met bystand van 'n fotografiese kommissie tydens die feestelikhede uitgegee is. Hierdie kommissie het nie gras onder hul voete laat groei nie: begin September is temas aan medewerkers uitgedeel, met die versoek dat tekste teen die einde van dieselfde maand ingedien moes wees! [61] Met Postma se dood op 4 November was feitlik al die bydraes by die drukker en kon slegs kleiner toevoegings gemaak word – vandaar die belofte dat 'n volle lewensbeskrywing van die ontslape rektor in 'n beplande gedenkboek sou verskyn.

Die Propagandakommissie het ook ywerig gewerk. Ongeveer 6 000 uitnodigings is "oor die lengte en breedte van ons vaderland" uitgestuur en reëlings is getref dat 'n gedeelte van die verrigtinge deur die SAUK uitgesaai sou word. Van die program van verrigtinge is 3 300 eksemplare laat druk terwyl die tydskrifte *Die Brandwag* en *Die Huisgenoot* oorreed is om foto-artikels oor die PUK te plaas. *Sarie Marais* het egter, tot onderdrukte ergernis van die begeesterde sekretaris, 'n soortgelyke versoek geweier – net omdat ander tydskrifte ook die storie sou dra! [62]

Ook Bingle se ou studentemaat Dolly le Roux, nou getroud met hul destydse SR-voorsitter ds Jan du Plooy, word genader met 'n versoek om 'n artikel oor damestudente en die PUK in die *Gereformeerde Vroueblad* te plaas. Die reaksie was positief en in die Februarie-uitgawe van hierdie blad toon mevrou (professor) DJ van Rooy aan hoedat die dames "vir hulself 'n goeie naam verower en getoon het dat hulle nie by die manstudente behoef agter te staan nie". [63]

**Die uitvoering van die opdrag om die embleem te hersien, die SR-inisiatief om 'n nuwe amptelike lied vir die PUK te verkry en die res van die opdrag van die Publikasiekommissie, naamlik die uitgee van 'n gedenkboek, word in die epiloog as hoofstuk 5.4 behandel.**

### 5.3.4.2 Postma-huldiging

Te midde van al die opgewondenheid oor die op hande synde selfstandigwording, moes daar ook aandag gegee word aan die nagedagtenis van wyle prof Postma, wat tog immers vir meer as dertig jaar as rektor die hart en siel van die inrigting was. Hieroor was daar egter uiteenlopende menings, wat by tye aanvoelbare spanning tot gevolg sou hê.

Vroeg in Februarie 1951 het die nuwe rektor en prof Dekker as voorlopige komitee aanbeveel dat die nuwe biblioteek Postma se naam moes dra en dat 'n brons reliëf van die profiel van Postma, met passende byskrif, bo die ingang aangebring sal word. Daar is pertinent bygevoeg "dat dit die enigste vorm van huldiging van wyle prof. Postma is wat deur ons geïnspireer word. Indien moontlik moet getrag word om ander vorme van huldiging, deur ander persone aan ons voorgestel, in dieselfde kanaal te lei." [64] Ook is afgesien van planne om 'n rolfilm van die begrafnis, wat deur prof JP van der Merwe aangebied is, te vertoon. [65]

Die familie van die ontslapene het hul eie idees gehad oor hoedanig huldiging betoon behoort te word. In plaas van die voorgestelde reliëf-profiel buite, het hulle 'n bronsborsbeeld binne die nuwe biblioteek verkies – met Riekie Postma, ds Willem Postma se dogter en beeldhouer in eie reg, verkieslik die beeldhouer. Die argitek van die gebou was egter nie daarvoor te vinde nie en die familie het berus. [66] In Augustus 1951 is die reliëf-beeld, deur beeldhouer W de S Hendriksz vervaardig, goedgekeur. [67]

Veel later sou 'n borsbeeld van Postma tog sy staan op die PUK-kampus kry en wel in die voorportaal van die rektorskompleks, in die Joon van Rooy-gebou. Jo Roos was die beeldhouer. Dit bevat 'n onverklaarbare foutiewe inskripsie wat sy rektorskap van die PUK in 1921 in plaas van 1919 'n aanvang laat neem. Hopelik sal ook hierdie historiese blaps, soos so vele andere, as gevolg van hierdie studie reggestel word.

Oor prof Postma se boekerynalatenskap aan die PUK het die familie versoek dat 'n replika van sy studeerkamer ingerig word; hulle sou die meublement verskaf. Hoewel geskikte ruimte 'n probleem kon wees, is die gedagte in beginsel aanvaar en sou later aandag gegee word aan die praktiese uitvoering daarvan. [68] Hierdie wens sou eers baie jare later, en ook maar net ten dele, vervul word met 'n Postma-hoekie in die PU-KANA-museum.

Maar daar was nog 'n versoek: "Die familie wil graag dié gedagte in die midde lê, dat tydens die feesvieringe iets simbolies daargestel word wat die besoekers en gaste onder die diepe indruk sal bring dat prof. Postma heengegaan is voordat hy die bekroning van sy lewenstaak kon aanskou. Verskillende suggesties word in die verband deur die familie gedoen." [69] Een van hierdie suggesties, dat die rektorstoel tydens die feesverrigtinge leeg gelaat word, het beslis nie goed afgegaan nie [70] en uiteindelik is besluit dat die voorsitter van die Raad by die aanvang van die verrigtinge op 17 Maart 'n "heel sobere woord" sou spreek en staande 'n mosie van roubeklag sou laat aanvaar. [71]

En toe gebeur dit so dat, "weens die drukte van die feesvieringe en omstandighede op daardie dag", rektor van Rooy mooi vergeet om hierdie aanbeveling ten

uitvoer te laat bring! Hy het agterna volledig hieroor aan die hoofkommissie rapporteer en ook sy spyt teenoor die familie betuig. [72]

Die onthulling van die grafsteen van prof Postma, wat deel uitgemaak het van die verrigtinge op Vrydag 16 Maart, het darem verseker dat sy nagedagtenis sterk tot die feesgangers gespreek het.

'n Laaste vorm van huldiging het natuurlik opgesluit gelê in die besluit om, in die beoogde gedenkboek, 'n "volledige" lewensbeskrywing van prof Postma op te neem. Nóg die gedenkboek, nóg die volledige lewensbeskrywing sou egter realiseer. **(kyk hoofstuk 5.4)**

Dit is jammer dat daar nie destyds of daarna aan hierdie gedagte van 'n biografie oor Ferdinand Postma uiting gegee is nie. In hierdie studie oor die geskiedenis van die PUK is net meer en meer onder die indruk gekom van die ankerrol wat Ferdinand Postma vir byna 'n halfeeu lank vervul het in die ontwikkeling van die Literariese Departement tot 'n Christelike universiteitskollege en later tot 'n selfstandige universiteit. Selfs uit hierdie studie, waar die fokus eintlik elders is, het die karakter en persoon van Postma deurgaans so sterk na vore gekom dat saamgestem kan word met 'n uitdrukking wat meermale gebruik sou word, naamlik dat die geskiedenis van die PUK (in die onderhawige periode, natuurlik) ook tot 'n groot mate die geskiedenis van Ferdinand Postma was.

Dalk is "Wonderdaad ...!" tog maar die vereffening van hierdie ereskuld, die lank-uitgestelde regstellende aksie ...

## 5.3.5 Feesvieringe 14 – 17 Maart 1951

En so breek die **GROOT DAG** aan: Saterdag 17 Maart 1951.

**SELFSTANDIG!**

**'n CHRISTELIKE UNIVERSITEIT !**

Met waardigheid en trots word plek ingeneem in die ry van volwaardige universiteite in Suid-Afrika: Eers was dit die Universiteit van Suid-Afrika, Kaapstad en Stellenbosch (1918), toe Witwatersrand (1922) en Pretoria (1930) en in die laaste paar jare eers Natal (1949), toe UKOVS (1950) en sewe dae tevore, Rhodes. [73]

Dit was 'n groot doenigheid in Potchefstroom en op die Bult, daardie vier dae in middel-Maart 1951. Woensdagmiddag 14 Maart is afgeskop met 'n noenmaal vir die Raad en personeel en die aand is 'n musiekkonsert in die stadsaal aangebied. Donderdagmiddag het die rektor van die VU, die vermaarde prof Herman Dooyeweerd, 'n lesing in 'n tot-oorlopensvol hoofgebou gelewer en die aand is studente saam met die personeel en raadslede betrek by 'n braaivleis en opelugkonsert op die PUK-terrein.

Vrydag se program was propvol. "Studentejool" het die oggend in beslag en die dorp "op horings" geneem terwyl die grafsteen van prof Postma net na die middel van die dag onthul is. Hierdie funksie was 'n effense demper op die feestelikhede, maar – volgens Feeskomitee se sekretaris Bingle – tog noodsaaklik: "Hoe sou ons beter hulde aan sy nagedagtenis kon bring as om juis wanneer ons vol in die feesvreugde staan, alles af te breek en vir 'n oomblik by hierdie figuur van ongemene glans stil te staan!" [74]

Daarna het oudstudente by die hoofgebou saamgetrek en land en sand oor die ou dae gesels. Besielende toesprake is gehou om die bande met die alma mater nog hegter te verbind en die gedagte het vasgeslaan: "Die P.U. sal hom besonderlik daarop toelê om hierdie familiekarakter van sy studente te behou. Vroeër was ons maar net 'n taamlike groot huisgesin en vandag, al is ons honderde, leef ons nog maar op daardie selfde beginsel." [75]

"Ons moes vortmaak, gou 'n stukkie eet en afsit na die romantiese Olen-sportterrein", skryf Bingle, want dié aand het die laaste gradeplegtigheid onder die vaandel van die Universiteit van Suid-Afrika daar plaasgevind. Voor 'n skare van ongeveer 3 000 mense is digby 300 grade en diplomas deur visekanselier dr AJR van Rhijn toegeken. [76] Vir van Rhijn het die werklike betekenis van die feesvieringe gelê in die agtervoegsel van die naam, naamlik "vir Christelike Hoër Onderwys". Die PUK is 'n inrigting waar Christene van verskillende kerke kan saamwerk, om die wetenskap te beoefen in die lig van die ewige Christelike waarhede. Om die Christelike wetenskap uit te bou en uit te dra, is 'n moeilike taak wat voorlê. Christelike wetenskap mag geen dekmantel wees vir intellektuele luiheid nie maar vereis ernstige ondersoek en navorsing, meermale langs onbetrede weë; in menige opsigte eensame arbeid, baanbrekerswerk "wat hoog moet staan om die aandag te trek buite die inrigting, ja buite Suid-Afrika self". [77]

En dan is dit "Saterdagmôre ... die eintlike dag, die groot dag waarop die P.U. uit die P.U.K. gebore sou word!" Die pawiljoene is gepak, die prosessie gaan deur sy ritueel en neem posisie in, die studente sing enkele liedjies. Die kameras van die SAUK begin rol en dan begin die verrigtinge met skriflesing en gebed.

Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap JH Viljoen – die derde bekleër van hierdie pos sedert




5.3.17

*Geselig saam op die plein voor die Hoofgebou.*



5.3.18

*Oorval deur 'n skielike hoëveldse donderbui.*



5.3.19

*Aan die hooftafel: dr Verwoerd, minister Viljoen en dr Jan Steyn.*



***5.3.14***

***Prof Dooyeweerd (2'e van links) geniet braaivleis saam met Mnr Charlie Olen en proff Joon van Rooy en Gerrit Dekker.***




***5.3.15***

***'n Gedeelte van Totius se "In U lig", spesiaal vir die geleentheid gedig.***

die Nasionale regering in 1948 aan bewind gekom het – praat kort en kragtig en betuig die regering se volle vertroue dat hierdie nuweling, wat sy verhoogde status verdien het, dit steeds waardig sal wees. Hierna oorhandig hy 'n spesiaal ingebinde eksemplaar van die Staatskoerant met die Private Wet aan die voorsitter van die Raad, "as teken dat die skip nou van die wal af steek".

Direk hierna word die lug gevul met harmonieuse studentestemme wat "In U Lig" sing, 'n lied wat spesiaal vir die geleentheid deur Totius gedig en deur MC Roode getoonset is. Daarna is dit formele gelukwense en groeteboodskappe, bedankings en 'n kort maar kragtige rede deur rektor van Rooy voordat die verrigtinge met 'n slotgebed en die sing van die Volkslied afgesluit word.

'n Swierige noenmaal vir besondere gaste word hierna deur die stadsraad in die stadsaal aangebied en later middag word die hoeksteen van die nuwe biblioteekgebou gelê. Maar dit was middel Maart en reënseisoen en "toe gebeur die ding waarvoor ons die hele tyd van die fees gevrees het: 'n buitjie reent sak uit en stuur net mooi alles in die war. Die mooi tafels en die heerlike geregte is grootliks beskadig en etlike toesprake het deur die mat geval." Miskien ook maar 'n bedekte seën want die feesgangers was teen hierdie tyd nie meer lus vir toesprake nie en het tot 'n "kuierende massa" omvorm.

In lyn met sy karakter en tradisie, word die seël op die verrigtinge geplaas deur 'n dankdiens die aand op die sportterrein, gelei deur raadsvoorsitter ds HJR du Plessis. "Die teks", som Bingle dit op, "was 'n kostelike samevatting van ons belydenis: 'Nie aan ons, o Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer'. Aan God alleen die eer. En ons is almal met 'n gelukkige gevoel in die hart huis toe."

Die feesverrigtinge is onder meer gekenmerk deur die aanwesigheid van baie hooggeplaastes en besoekers van elders. Behalwe diegene wat in een of ander hoedanigheid opgetree het en reeds vroeër genoem is,



*5.3.20*

*DF Malan.*

***DF MALAN SE BOODSKAP***

*Van sy edele die Eerste Minister, dr. D. F. Malan:*

Die Potchefstroomse Universiteit is veel meer as bloot 'n inrigting vir hoër onderwys wat sy kinderskoene ontgroei en tot volwassenheid geraak het. Hy is vanaf sy ontstaan die vertolker van 'n bepaalde lewensrigting, die draer van die Christelike lewensbeskouing van die Afrikanervolk. As sodanig het die inrigting, saam met die Kerk waaraan hy so nou verbonde is, 'n tradisie geskep waarop nie slegs hy nie maar Suid-Afrika trots is, en het hy 'n plek in die volkslewe verower wat nie alleen sy voortbestaan, groei en bloei verseker nie maar wat hom 'n noodsaaklike, 'n onmisbare instelling maak in die volkslewe — 'n inrigting vir hoër onderwys wat nie slegs toekomstige leiers kweek nie maar wat leiers kweek wat die edelste in ons volkslewe, sy Christelike karakter, moet versinnebeeld.

So'n inrigting sal altoos midde in die volkslewe staan, en ek twyfel nie daaraan nie dat die Universiteit van Potchefstroom getrou sal bly aan homself, sy volk en sy roeping.

My beste wense vergesel die Universiteit in die jare wat voorlê.

en Erica van der Berg, ministers HF Verwoerd en CR Swart, volksraadslid Jan Steyn en ander parlementslede in die verrigtinge gedeel. Van die kant van die Universiteit van Suid-Afrika is welwillendheid betoon deur die aanwesigheid van oud-PUK en nou direkteur van die eksterne afdeling, prof AJH van der Walt, en registrateur Langham Dale Murray, terwyl die hoofde of verteenwoordigers van al die Suid-Afrikaanse universiteite getuies van en deelgenote in die gebeure was.[78]

Ook die voormalige eerste minister, veldmaarskalk JC Smuts, is by die beplanning van die feestelikhede nie vergeet nie en is saam met premier dr DF Malan en verskeie ander persone versoek om boodskappe vir die gedenkblad te stuur.[79] Ses dae ná die datum van die versoek is Smuts egter in die ouderdom van 80 jaar oorlede. As huldeblyk van PUK-kant is klasse die namiddag van 15 September, ten tye van Smuts se begrafnis, opgeskort en het ook die biblioteek en die administrasie hul deure daardie middag gesluit.[80]

Die boodskappe van premier Malan en 16 ander, wat in die gedenkprogram opgeneem is, is gloeiende getuigskrifte vir die inrigting en sy dosente en studente. Veral die besielende woorde van Malan – komende van 'n man wat in die moeilike worstelingsjare nie heeltemal in die idioom van die PUK-ideaal en strewe gedink en gedoen het nie.

In die geheel gesien, bevat die gedenkprogram 'n redelik getroue en verteenwoordigende uitbeelding van die PUK by selfstandigwording, met talle interessante brokkies inligting en foto's. Al gaan die meeste artikels of beskrywings mank aan diepgang, word die gees van die tyd en die destydse persepsies baie mooi weerspieël in byvoorbeeld die persoonlike boodskappe wat gelewer is en in die talle foto's wat die blad versier.[81]

En tog kan dit nie ongenoem bly nie: by al die trotse "ons" bydraes ontbreek beslis 'n paar van die belangrikstes, naamlik bydraes oor die PUK-embleem, die leuse en die Alma Mater. Dis tog jammer dat 'n man soos Totius, wat – soos eers baie onlangs in hierdie studie vasgestel kon word – instrumenteel was in die verkryging van hierdie belangrike simbole, nie uit eie mond die storie van die herkoms van hierdie elemente van die PUK se korporatiewe identiteit vertel het nie.

Tussen die nagelate dokumente van die baie sistematiese en noukeurige feessekretaris, prof Hennie Bingle, is daar verskeie bundels dokumentasie, sommiges waarvan kennelik bedoel was as bylaes tot die destyds beplande gedenkboek – wat toe, ongelukkig, nooit die lig gesien het nie. Dit is aangrypende leesstof, gevleuelde woorde wat feitlik deurgaans plekke in die annale van die PUK verdien.

Daar is byvoorbeeld die handskrifgeskrewe toespraak van rektor Joon van Rooy, gelewer by die onthulling van die grafsteen van sy voorganger, asook 'n getikte kopie van die toespraak wat minister CR Swart tydens die hoof seremonie op 17 Maart gelewer het. Verder vind 'n mens die boodskappe en groetewense van die

universiteite van Suid-Afrika (dr AJR van Rhijn), die Oranje-Vrystaat (prof H vd M Scholtz), Kaapstad (prof J du P Scholtz), Witwatersrand (prof EH Raikes), Natal (prof EG Malberbe) en van die buitemuurse afdeling van die Universiteit van Suid-Afrika, prof AJH van der Walt. Daar is ook ‘n verdere begroeting deur adv CR Swart, as kanselier van die UOVS, die gelukwense van prof JD du Toit (Teologiese Skool), boodskappe van drr HF Verwoerd en Jan Steyn, prof PJ van der Merwe (POK), die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika (Joh Dreyer) en die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk (ds GD Worst) en die voorsitter van die Studenteraad, Bouke Spoelstra.

In hierdie waardevolle versameling is daar ook tekste van die toesprake van die Nederlandse gesant, die heer Jan van der Berg, en van prof H Dooyeweerd, rektor van die Vrije Universiteit van Amsterdam. Die boodskap van die Universiteit van Stellenbosch is elders geliasseer.

Hoewel elkeen ‘n eie, besondere boodskap dra en werd is om weer gelees te word, kan hier slegs met enkele aanhalings uit enkele van die genoemde stukke volstaan word. **Die toespraak van prof Dooyeweerd word in sy geheel hiernaas afgedruk.**

CR Swart sê in sy boodskap dat hy as minister nie ‘n oomblik geaarsel het om die wet tot selfstandigheid goed te keur nie omdat die hoër status werklik verdien is “vanweë sy geskiedkundige agtergrond en die sentiment daaraan verbonde maar (wat meer tel) vanweë sy prestasies, sy geldelike toestand en sy diens aan die volk van Suid-Afrika”. En hy voeg hierdie betekenisvolle woorde daaraan toe: “Indien die geskiedskrywer eendag die departementele lêers aangaande die stigting van hierdie Universiteit sou nagaan, sal hy bokant my ministeriële handtekening by die goedkeuring van die stigtingsdatum, 17 Maart, die volgende vreemde opmerking van my vind: ‘ ‘n Baie toepaslike datum: St. Patrick’s Day’. Daardeur wou ek my gewaarwording op daardie oomblik neerskrywe, waar ek bemerk het dat dit op die Ierse Nasionale Dag sou val en ek gedagtig geword het aan die opdraende eeue-lange stryd van die Ierse volk vir hul vryheid en selfstandig onafhanklike status. Bewus van u eie moeisame stryd en bouwerk – met die swaard en met die troffel – het dit vir my gelykenderwys

***PROF DOOYEWEERD SE TOESPRAAK***



***5.3.21***

***Prof Dooyeweerd aan die woord.***

Bylae D.

TOESPRAAK VAN PROF. DR H.DOOYEWEERD, RECTOR MAGNIFICUS DER VRIJE UNIVERSITEIT TE AMSTERDAM, NAMENS DE NEDERLANDSE UNIVERSITEITEN EN HOGESCHOLEN.

EXCELLENTIES/HOOGGEACHTE VERGADERING.

Het is mij een grote vreugde in mijn kwaliteit van rector magnificus der Vrije Universiteit te Amsterdam vandaag aanwezig te mogen zijn bij de inwijding van de Potchefstroomse Universiteit.
Ik kom U in de eerste plaats de hartelijke gelukwensen en innige zegebeden overbrengen van de Universiteit, die ik als Rector Magnificus vertegenwoordig, maar ik spreek hier in opdracht van de Nederlandse Regering, teven namens alle andere Nederlandse Universiteiten en Hogescholen.
Sprekend namens de Vrije Universiteit denk ik terug aan de onvergetelijke feestelijke bijeenkomst in de Koningszaal van Artis te Amsterdam op 21 October 1930 ter gelegenheid van het Gouden jubileum van de toen nog enige Calvinistische Universiteit ter wereld. Uw hoogleraar Prof. Dr H.G.Stoker vertolkte toen na Prof. G.Besselaar de gevoelens van het Calvinistisch Zuid-Afrika. In zijn toespraak zeide hij, na op de nauwe banden tussen het Potchefstroomse U.K. en de Vrije Universiteit te hebben gewezen, " dat dit selfs die ideaal van die Potchefstroomse Universiteitskollege was, om eenmaal die Vrije Universiteit van Suid Afrika te word."
In zijn antwoord sloot de toenmalige president-directeur Dr H.Colijn zich met nadruk bij deze woorden van Prof. Stoker aan: " Prof. Stoker," zo zeide hij, "wij geven U naar Zuid Afrika mede onze wensen en onze beden, dat U gegeven zij, om daar een Universiteit te vormen gelijk het gereformeerde volk hier in Nederland gedaan heeft."
En thans ruim 20 jaar later, is deze wens vervuld. Het P.U.K. is wettelijk de Vrije Universiteit van Zuid Afrika geworden en daarmede de tweede gereformeerde Universiteit ter wereld.
In de kringen van de V.U. heerst daarover bijzondere blijdschap en de Senaat en de Colleges van Directeuren en Curatoren wensen onze Potchefstroomse Zuster-Universiteit uit de grond van hun hart Gods bijzondere zegen bij het vervullen van haar zo uiterst moeilijke en verantwoordelijke taak.
Maar ook aan de andere Nederlandse instellingen voor Hoger Onderwijs heb ik een diepgevoelde belangstelling en hartelijk medeleven mogen constateren in dit voor Potchefstroom zo gewichtig gebeuren.
Op de laatst gehouden vergadering van het Rectoren College te Utrecht werd mij verzocht namens alle Nederlandse Universiteiten en Hogescholen U een gecalligrapheerde oorkonde aan te bieden, waarin in de Latijnse taal de gelukwensen van al deze instellingen zijn vastgelegd. Hier spreken de banden van nauwe stam-en cultuurverwantschap en voorzover de V.U. aangaat ook bijzondere banden van geestverwantschap.
Wanneer ik dan thans mijn opdracht vervul door U, mijnheer de rector, de oorkonde met de gelukwensen der Nederlandse Universiteiten en Hogescholen te overhandigen dan spreek ik de hoop uit, dat U haar wilt aanvaarden als een bewijs van de hartelijke sympathie van het Nederlandse Universitaire leven. En ik moge besluiten met de wens, dat Uw Universiteit onder Gods zegen mogen groeien en bloeien en een steeds belangrijker aandeel mogen krijgen in de vorming van Zuid Afrika's studerende jeugd.



*5.3.22*

*Adv CR Swart wat die PUK se onafhanklikheid met sy handtekening verseël het.*



*5.3.23*

*Prof H vd Merwe Scholtz, rektor van die UOVS: "Daar is veel wat u en ons bind."*

'n veelbetekenende datum gelyk en so staan dit geboekstaaf."

Ongelukkig kon, ten spyte van verskeie soektogte, hierdie unieke dokument nie in die lêers van die argief van die departement van Onderwys opgespoor word nie. Bygesê, die soektogte was rekenaar-georiënteerd. Dit is skrywer se oorwoë mening dat hierdie dokument, asook verskeie ander wat ook nie op dieselfde wyse blootgelê kon word nie, wel in die betrokke argief berus en, al sou dit met groot moeite, wel eendag teruggevind sal word.

As "ministeriële Peetvader" wys Swart daarop dat die universiteit 'n plek is waar "toekomstige leiers van die nasie … leiers en toonaangewers op geestelike en stoflike terrein, op gebied van die staatkunde en van die algemene beroepslewe" gevorm word, en dat daar dus 'n "hoogsbelangrike en enorme verantwoordelikheid" rus op diegene wat daarby betrokke is: "Indien die jeug in sy lewensbeskouing en in sy verstandelike vermoëns hier geknak word of op die verkeerde koers gestoot word, beteken dit ook dat die nasie gewis geknak sal wees en sy rigting na die afgrond sal lei. Die volk van Suid-Afrika sien op na u …"

Van oorkant die Vaalrivier betuig rektor H van der Merwe Scholtz volle solidariteit met die karakter en gees van die nuwe toevoeging tot volle universiteitstatus: "Daar is veel wat u en ons bind. Ons het 'n gemeenskaplike taak, koester dieselfde ideale en huldig dieselfde lewensbeskouing. Met u is ons ook voorstanders van die vryheid van wetenskaplike ondersoek. Terselfdertyd glo ons egter, soos u, dat die Universiteite aan die volk behoort en daarom nie onsydig of afsydig van die volk mag staan nie, maar moet wees van die volk, uit die volk en vir die volk, geanker in die tradisies van die volk ten einde daardie volk te kan dien ooreenkomstig sy lewens- en wêreldbeskouing. Met Groen van Prinsterer glo ons nie aan 'onderwys, waarmee men sterven laat zonder te doden' of, anders gestel, aan 'n verligte verstand met duisternis in die hart."

Die rektor van UOVS se toekomswense vir die PUK is tegelykertyd ook 'n gloeiende getuigskrif: "Mag nog meer as in die verlede u Universiteit ontwikkel as brand- en ligpunt van die Wetenskap, Kuns en Kultuur, as sentrum van navorsing en as kweekplaas van manne en vroue, nie alleen grondig onderleg in al die vertakkinge van die wetenskap nie, maar ook geestelik toegerus as draers van daardie hoëre waardes wat die grondslag vorm van ons godsdiens, ons sedes, ons gewoontes, ons beginsels, en bereid om hierdie waardes uit te dra in die lewe en hulself heelhartig te wy aan die diens van volk en vaderland."

Dr HF Verwoerd het, met verwysing na die dun draadjie waaraan goedkeuring van die wetsontwerp in die Senaat gehang het en met 'n kernagtige regverdiging van die PUK se saak, gesê dat die PUK vir hom 'n doel gestel het en dat dit aangenaam was om ten behoewe



*5.3.24*

*Dr Verwoerd aan die woord: "Dit is makliker om 'n oorwinning te behaal as om hom te behou."*

van die PUK te veg omdat die doel, Christelik en Nasionaal, gemeenskaplik was. Maar hy het ook 'n waarskuwing laat hoor:

"Dit is makliker om 'n oorwinning te behaal as hom te behou. Die geesdrif wat ons hier en om ons sien, verdwyn na die fees. Die daaglikse lewe trek die aandag af van die beginsels. Daarom mag u inrigting nooit gerus word nie. U kan die wet wen en tog die gees verloor. Die wetgewing waaroor nou gejuig word en wat die strewe van jare beliggaam, kan bly staan en tog niks beteken nie. Die oomblik van oorwinning is in dié sin die begin van die gevaar. Te meer is dit so omdat die vervulling van die doel waartoe die wet die reg verleen nie in die hande bly rus van die langblywende ondersteuners, raadslede of dosente nie maar in die eerste plek moet lewe in die begeerte van die altydwisselende studente … Potchefstroom se studente van nou en van die toekoms sal die gees van u wet vervul of verloor vir die nuutgebore Universiteit. Daar is helaas 'n onverskilligheid oor geestelike goedere in al ons Universiteite onder deel van die studente te bespeur wat kommer wek. Daarom beklemtoon ek hierdie boodskap – veral aan die studente gerig – 'moenie alleen juig in hierdie oomblik nie maar maak dit u plig om die besieling en ideaal van u inrigting se tradisie, nou beliggaam in sy grondwet, oor te dra van studentegeslag op studentegslag – onverwater en ewig fris.'

Op sy beurt het die nou reeds gepensioneerde mede-argitek van die PUK as Christelike universiteit, prof JD du Toit (Totius), in sy gelukwense nostalgies weer teruggedink aan vyftig jaar tevore: "Hier wil ek herinner aan die feit dat wyle prof. F. Postma en ek, destyds voortvlugtig, in Nederland gedurig beraadslaag het oor die moontlikheid van die totstandkoming van 'n Christelike Hoëskool in Suid-Afrika, destyds 'n verwoeste vaderland. Die Vrye Universiteit in Amsterdam was ons model. Elke keer as ons saans langs die stil gragte van Amsterdam wandel, het die gesprek maar weer oor dieselfde onderwerp gegaan: 'n Christelike, Calvinistiese Hoëskool. Die vooruitsigte was gering en die geldmiddele sou minimaal wees. Maar wat kon ons anders bedink of doen? Ons oortuiging was die vastigheid. En die ideaal het gewink. Daar sal seker ook in ons vaderland genoeg manne en vroue oorgebly het wat net so voel … Hoe dankbaar sou prof. Postma gewees het om te aanskou die resultaat van sy arbeid en van al die manne en vroue wat geduldig en hoopvol onder baie beswarende omstandighede gearbei het."

Die knap en begeesterde sekretaris van die feeskomitee, Hennie Bingle, sluit sy verslag oor die verrigtinge van daardie historiese vier dae af met 'n vraag oor die sin en betekenis van dit alles – en gee dan self die antwoord daarop, asook 'n toekomsvisie.

Inderdaad is daardie vraag en antwoord nommerpas van toepassing op hierdie studie in sy geheel, op die vraag na die sin en betekenis van die stigting en ontwikkeling van die inrigting wat in 1869 nog bloot net as 'n gedagte of voorneme aanwesig was, wat in 1876 fisiese vergestalting gevind het in die stigting van 'n Literariese Departement en wat sedertdien gegroei en uiteindelik getransformeer het in eers 'n universiteitskollege en later, in 1951, in 'n volwaardige universiteit.

Feessekretaris Bingle is aan die woord: "Wat sal ons nou oor dit alles sê? Seker die grondtoon by alle verrigtinge en in ons aller gemoed was: die kleine dinge het groot dinge in die hand van God geword. Dit was opmerklik dat byna elke spreker daarop gewys het dat wat 'n veragtelike geringheid in die begin was, nou uitgegroei het tot 'n inrigting wat aller agting afdwing. En in hierdie groot en moedige stryd is die werk van ons ontslape rektor geloof."

**Oor die geskiedenis van die PUK hoef nie meer gesê te word nie: 'n veragtelike geringheid, 'n geboorte in 'n nag van smaad; worstelings- en wordingsjare wat steeds nie van hierdie smaad ontstoke was nie; 'n groot en moedige stryd,**

**gevoer deur 'n Gideonsbende onder aanvoering van die dapperste onder die dapperes, die "primes inter pares": Ferdinand Postma.**

**En uiteindelik, die oorwinning, die kroon op die arbeid: 'n selfstandige, Christelike en Afrikaanse universiteit: die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.**

## 5.3.6 En dan … "Voorwaarts in die naam van die Here!"

Dit dan, vir sover dit die PUK se geskiedenis, sy verlede betref. Maar wat van die toekoms?

PUK se groot wysgeer, prof HG Stoker, het reeds voor die aanvaarding van die wetsontwerp vir selfstandigheid die PUK as Christelike universiteit se missie in geen onduidelike taal nie in die tydskrif *Koers* uitgespel.[82] Eerstens, Christelike wetenskapsbeoefening: " 'n Wetenskap wat op elke terrein van ondersoek ook luister na wat die Woord van God aan die Wetenskap te sê het." En hy stel dit onomwonde dat die PUK sy bestaan sal moet regverdig "en in die komende jare 'n ryke oes van wetenskaplike vrugte sal afwerp en wetenskaplike arbeid sal bied wat allerweë erkenning sal **afdwing**, 'n eis wat vir elke navorsende en doserende personeellid geld."

In die tweede plek is daar die opvoedkundige taak. "Dit is ons erns", sê Stoker, "om ons studente deeglik op te lei in 'n Christelike wetenskap … Ons wil jong manne en jong vroue wat wetenskaplik goed onderlê is en wat orals opkom vir ons Christelike beginsels en wel veral in hierdie onrustige, verwarde en ontwrigte tye …Ons wil ons jong mense vaste beginsels diep inprent waarvolgens hulle later selfstandig kan optree en hulle jeugdige gemoed daardie vaste beginselspyse bied, waarna dit so ryklik smag."

'n Derde doelwit is om studente vir die hoër beroepe op te lei: "Christelik gevormde onderwysers, politici, joernaliste, advokate, handelaars, industrie-voormanne, ensovoorts", terwyl 'n vierde taak gesien word in die vorming van "deeglik toegeruste en Christelik prinsipieel gevormde leiers, wat hul plek in die samelewing ken en volstaan".

Toekenning van grade en diplomas sien hy as 'n vyfde taak, en dit is 'n saak van erns "dat ons grade en diplomas bewysstukke sal wees van die hoogste standaard van wetenskaplike en professionele geskiktheid … dat die samelewing op die hoë peil en besondere waarde van ons grade en diplomas altyd sal kan staatmaak … terwille van die samelewing, van ons studente en ons universiteit self en terwille van sy naam is dit die hoë plig van elkeen van ons om met 'n tere jaloesie die hoë



*5.3.15*

***Prof HG Stoker ... spel die PUK se missie as Christelike Universiteit duidelik uit.***

waarde van ons grade en diplomas te handhaaf en te beskerm."

Sesdens en laastens is dit die taak van die universiteit "dat hy sal saamhelp om spesiale en aktuele vraagstukke van kerk, gesin, volk, staat en maatskappy op te los" en wel volgens sy positief Christelike beginsels.

Dan vat Stoker dit só saam: "**Dit is ons erns** om dit alles aan te durf as 'n **vrye** universiteit, vry en soeverein in ons wetenskapsbeoefening, sonder staatsinmenging en sonder inmenging van die kerk. Ons wil geen verpolitiekte en ook geen verkerklikte universiteit hê nie. Vry teenoor volk, staat, politieke party, kerk en ander kringe, maar gebind aan sy grondslag, nl. die waarheid soos in Gods Woord en in sy skepping geopenbaar, wil die P.U. sy roeping aanvaar en verwesenlik …"

In kleindruk het Stoker daarop gewys dat in hierdie artikel net die Christelike karakter beklemtoon is: "Die Nasionale en dan die Christelik-Nasionale karakter van die P.U. spreek vanself."

Aan die einde van sy verslag oor die verrigtinge rondom selfstandigwording het Feeskomiteesekretaris Bingle ook enkele riglyne oor die toekoms:

"Die nuwe status bring nuwe verantwoordelikheid, en die erns hiervan word beklemtoon deur die feit van die teenwoordigheid van die hoof van die Vrye Universiteit te Amsterdam. Die Christelike wêreld verwag veel van ons omdat hy in ons 'n medestryder vir die eer van God sien en wel op seker die moeilikste terrein om hierdie hoë eer te handhaaf.

"Die P.U. vir C.H.O. aanvaar hierdie roeping blymoedig omdat hy weet dat hy nie in eie krag hoef te staan nie. Daar is sy duisende oud-studente en ondersteuners wat van hom baie verwag en van wie hy baie kan

verwag. As ons nou opnuut die hande inmekaar slaan, mekaar opbou en ondersteun, sal dit met ons almal wel gaan. Die P.U. vir C.H.O. is in 'n besondere mate afhanklik van sy oud-studente, maar so is hulle ook van hom afhanklik aan die breë front van die lewe waarin hulle staan. Laat ons mekaar dra en verdra en die pragtige geestelike gebou waaraan geslagte al gewerk word, verder voer op die weg ter bereiking van die groot doel wat vir ons weggelê is."

Maar kom ons gee die heel laaste woord hieroor aan nuwe rektor Joon van Rooy, en aan sy ontslape voorganger, Ferdinand Postma.

In 'n spesiale bydrae oor selfstandigwording vir die oudstudenteblad wat hy voor sy dood geskryf het, het Postma dit nie net oor die stryd en worsteling van die verlede gehad nie, maar het hy ook die toekoms in gekyk en as 't ware sy "laaste boodskap" uitgespel: "Dis voorwaar sowel vir die personeel as vir die studente 'n seer besondere eer en voorreg om op hierdie gedenkwaardige tydstip saam verbonde te wees aan die Universiteit ... Hiervandaan gaan die pad verder die toekoms in. Weliswaar is die wêreld tans met donker, onheilspellende en beangstigende wolke oordek. Alles dui daarop dat 'n groot en langdurige stryd gevoer sal moet word, sowel op geestelike as materiële terrein. Die hele geskiedenis egter van hierdie Inrigting en die pad waarlangs die verlede opgebeur is, gee oortuigende bewys dat die Here God regeer en Hy alleen. Hierom is daar moed en inspirasie om mekaar op hierdie dag van groot seëninge toe te roep: **Voorwaarts in die naam van die Here!**"

Postma het onder andere ook die aandag gevestig op twee belangrike sake, naamlik enersyds die noodsaaklikheid om die universiteit verder uit te bou en tweedens, die groot verantwoordelikheid wat in die toekoms op die personeel sou rus. [83]

Vir Van Rooy was eersgenoemde 'n saak van groot erns: die uitbouing van die PUK moet onmiddellik en kragdadig aangepak word. Om in 'n dringende behoefte aan geboue te voorsien, kondig hy 'n 'n vyfjaarplan aan, wat in die omgewing van £200 000 sal kos. Oor waar die geld vandaan gaan kom, put hy inspirasie uit die verlede: "Die geboue ... **sal** opgerig word en hulle **sal** afbetaal word."

Die biblioteek, laboratoria, navorsing – al hierdie dinge verg aandag, en sál aandag kry. Ook die uitbreiding van die studentetal, so sterk deur Postma beklemtoon, is 'n noodsaaklikheid en dringende beroepe word gedoen op ouers en oudstudente om hul kinders te stuur en studente te werf.

Wat die verantwoordelikheid van die personeel betref, spel die nuwe rektor dit só uit: "Die grootste en belangrikste, die moeilikste maar tewens die interessantste taak wat as verantwoordelike plig rus op almal wat aan die P.U. vir C.H.O. arbei, is die beoefening van die wetenskap **In U Lig.** In die volbringing van hierdie taak vind ons Inrigting sy grondslag en sy bestaansreg. Die hoogste en mees essensiële roeping van die P.U. vir C.H.O. is om op wetenskaplike gebied getuienis te lewer vir die geopenbaarde Waarheid van God."


Al is dit, vanweë die moderne wetenskap se beheersing deur evolusionistiese en humanistiese beginsels, voorwaar geen maklike taak nie, is dit die verantwoordelikheid van personeel om, noudat die belemmerende "gewetensklousule" uit die weg geruim is, "na die beste van sy vermoë sowel in sy navorsings- as in sy doseerwerk die lig van God se Woord te laat skyn op alle fundamentele vraagstukke waarmee hy te doen kry".

Die verwesenliking van die groot en grootse ideaal, sê Van Rooy, "is 'n ideaal wat roep, luidkeels roep tot 'n nuwe taak, tot nuwe arbeid, tot nuwe stryd. En ... hierdie nuwe taak, hierdie nuwe arbeid en stryd, sal nie makliker en ligter wees as die van die verlede nie. Daarom ... **In die naam van die Here: Vooruit!**" [84]



***5.3.16***
***Prof JC (Joon) van Rooy ... aan die spits die toekoms in.***

## ONS DOSERENDE, NAVORSENDE, ADMINISTRATIEWE EN BIBLIOTEEK-PERSONEEL — 1951



(Foto: T. N. v.d. Walt)

*Eerste ry:* S. du Toit (Reg.), prof. dr. J. P. Jooste (Teol.), prof. dr. R. E. Davies (Engels), prof. F. J. Labuschagne (Nedl. en Afr.), prof. dr. J. M. Hattingh (Sielk.), prof. W. J. Snyman (Teol.), prof. dr. G. Dekker (Nedl. en Afr.), prof. J. C. van Rooy (Teol.), prof. dr. F. Postma (Rektor), prof. dr. J. C. Coetzee (Opvoedk.), prof. dr. J. P. van der Merwe (Ekonomie), prof. dr. D. C. S. du Preez (Sos.), prof. dr. A. P. Goossens (Plantk.), prof. dr. H. G. Schulze (Duits), prof. dr. P. J. S. de Klerk (Teol.), prof. G. van Wageningen (Natuurk.).

*Tweede ry:* Mej. A. de Klerk (Adm.), mej. C. J. du Plessis (Adm.), mej. E. C. Lotz (Huish.), mej. M. E. E. R. Karberg (Tik- en Snel.), mej. M. L. Gericke (Bibl.), mej. H. C. Hoymeyr (Huish.), prof. dr. D. P. J. Smith (Lig. Opv.), prof. dr. F. R. Lehmann (Volkek.), mej. D. M. Theron (Huish.), prof. dr. D. J. du Plessis (Skeik.), mej. S. du Preez (Lig. Opv.), dr. J. H. Kroeze (Sem. Tale), mej. C. M. du Plessis (Adm.), mej. V. Martin (Engels), mev. I. Loots (Lig. Opv.).

*Derde ry:* Mev. J. K. van der Schyff (Bibl.), mej. G. H. de Wet (Bibl.), mej. S. J. le Roux (Adm.), prof. dr. D. W. Krüger (Gesk.), prof. dr. W. P. Robbertse (Wisk.), dr. P. J. Botha (Plantk.), mnr. D. J. Viljoen (Handel), mej. E. S. Joubert (Huish.), prof. dr. S. du Toit (Teol.), mej. L. K. J. Heese (Lat.), prof. D. J. van Rooy (Wisk.), dr. R. Meissner (Plantk. Navorsing), prof. dr. H. J. J. Bingle (Opvoedk.), mej. H. E. Bekker (Adm.), prof. J. S. van der Merwe (Aardr.), prof. dr. H. G. Stoker (Wysb.).

*Vierde ry:* Mev. A. J. Malan (Bibl.), mej. A. Buys (Bibl.), mnr. F. W. Leuschner (P.O.K. Kuns), mnr. B. H. Coetzer (P.O.K. Handw.), dr. P. A. Brandt (Duits), dr. J. M. de Wet (Wisk. en Toeg. Wisk.), mnr. P. B. Ackermann (Geol.), mnr. J. P. Malan (Musiek), dr. W. N. Coetzee (Lat.), dr. P. J. Hamersma (Fisiol.), mnr. A. Postma (Grieks), mnr. J. S. du Plessis (Gesk. en Staatsl.), dr. I. J. v. H. Fourie (Engels), mnr. H. Venter (Nedl. en Afr.), mnr. J. H. Coetzee (Maatsk. Werk).

*Vyfde ry:* Dr. M. C. Papendorf (Plantk.), mej. M. H. van Rooy (Bibl.), mnr. P. A. J. Ryke (Dierk.), dr. W. W. Fontanive (Fisiol.), mnr. A. A. Bisschoff (Geol.). mnr. C. F. Schoeman (Sielk.), mnr. B. van Deventer (Ekon. en Ekon. Gesk.), mnr. H. M. Roberts (Rek. en Ouditk.), mnr. J. A. van den Berg (Skeik.), mnr. W. de Vos (Farmasie), mnr. J. van der Mark (Natuurk.), mnr. M. C. Roode (Musiekkonserv.), dr. J. A. van Eeden (Dierk., Biologie), mnr. I. J. Joubert (Lig. Opv.).

*Sesde ry:* Mnr. G. P. Schoeman (Asst.-Reg.), mnr. F. X. Prins (Dierk.), mev. J. F. Coetzee (Adm.), mnr. D. van Eeden (Ass. Dierk.), mej. M. C. Snyman (Adm.), mnr. D. P. Erasmus (Rek. en Handel), mej. E. J. Kruger (Adm.), mnr. H. C. de Wet (Tydelik-Gesk.), mnr. J. P. Duvenage (Aardr. en Ekon. Aardr.), mnr. A. J. van Wageningen (Tydelik-Natuurk.), mnr. J. J. A. van der Walt (Musiek), mnr. P. J. de Wet (Adm.), mnr. F. N. Lion-Cachet (Adm.), mnr. S. Buys (Bibl.), mnr. C. J. H. Schutte (Adm.).

*Afwesig:* Mnr. J. W. Daneel (P.O.K. Eng.), prof. dr. J. D. du Toit (Honorêr Teol.), prof. dr. G. T. S. Eiselen (Dierk.), mnr. F. J. Jooste (Rek. en Ouditk.), dr. W. A. Joubert (Regte), pastoor E. F. K. Kaske (N. Sotho), dr. H. L. Swanepoel (Regte), mnr. J. A. L. Taljaard (Wysb.), mnr. J. Tiedt (Skeik.), prof. P. J. van der Merwe (P.O.K. Opv.), mnr. H. C. van Rooy (Bibl.), mev. J. C. van Rooy (Bibl.), dr. E. A. Venter (P.O.K. Taalw.), mej. C. Viljoen (Maatsk. Werk).

***5.3.17***

***PUK-personeel 1950 (Gedenkprogram 14 - 17 Maart 1951)***